AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:*
## INTERNASIONALE BELASTING

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ŉ deeltydse pos vir ŉ dosent in Internasionale Belasting in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar. **Hierdie module sal op die nauurse afstandsmodel onderrig word.**

### POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalte-onderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en vernuwing asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

### VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- Kurrikulumontwikkeling
- Opstel en merk van assesseringsaktiwiteite
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

### POSVEREISTES

- ŉ Meestersgraad in Belasting of ŉ verwante dissipline.
- Een tot drie jaar ervaring in hoër onderwys
- Kundigheid en ervaring in die spesialisareas van internasionale belasting
- Ervaring in versnitte leer (blended learning)
- Blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

### VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- Onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- Inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe wees
- Beskik oor vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 18 Januarie 2026 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.